SimpleStudy®

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 11

## NOVEMBER 2020

# GEOGRAFIE V2
# NASIENRIGLYN
# EKSEMPLAAR

**PUNTE: 150**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 9 bladsye.

## AFDELING A: ONTWIKKELINGSGEOGRAFIE EN HULPBRONNE EN VOLHOUBAARHEID

## VRAAG 1

1.1 1.1.1 noorde (1)

1.1.2 Derde (1)

1.1.3 Rostow (1)

1.1.4 globaal (1)

1.1.5 Onder-na-bo (1)

1.1.6 ekonomie en omgewing (1)

1.1.7 Eerste (1) (7 x 1) (7)

1.2 1.2.1 C (Olie) (1)

1.2.2 D (humanitêre) (1)

1.2.3 B (Vervaardiging) (1)

1.2.4 A (Handelsbeperkings) (1)

1.2.5 C (0,21) (1)

1.2.6 C (vryehandel) (1)

1.2.7 B (Handelsbalans) (1)

1.2.8 C (China) (1) (8 x 1) (8)

1.3 1.3.1 ŉ Ekonomiese aanwyser wat aantoon hoe welvaart in ŉ land verdeel is (1)
**[KONSEP]**
(1 x 1) (1)

1.3.2 Dit wys dat welvaart/geld in die land in die hande van een persoon is (1)
Meeste mense in die spotprent wil hê dit moet verander (1)
Die ryk persoon deel letterlik kleingeld uit (1)
**[ENIGE EEN]**
(1 x 1) (1)

1.3.3 Nader aan een (1) (1 x 1) (1)

1.3.4 Meer werksgeleenthede skep (2)
Verbetering van vaardighede (2)
ŉ Aanpassing in salarisverskille (2)
Verbeter salarisaanpassings om in lyn met die VPI te wees (2)
Winsverdeling in maatskappye (2)
**[ENIGE DRIE]**
(3 x 2) (6)

1.3.5 Meer mense wat in ŉ stedelike gebied woon, is 'n bron van geskoolde en ongeskoolde arbeid (2)
ŉ Hoër persentasie mense wat in stedelike gebiede woon eerder as op die platteland, sal meer bydra tot die BBP van ŉ land as hulle formeel in die sekondêre, tersiêre en kwaternêre sektor werk (2)
Hoë onderwys- en geletterdheidsvlakke stel ŉ land in staat om globalisering en die gepaardgaande tegnologie te aanvaar (2)
Hoë onderwys- en geletterdheidsvlakke dra by tot die vaardigheidsbasis van ŉ land en lok buitelandse beleggings (2)
Goeie water- en elektrisiteitsdienste moedig ook die ontwikkeling van die sekondêre, tersiêre en ekonomiese sektore van die ekonomie aan (2)
Doeltreffende en hoë gehalte gesondheidsorg beskerm ook die arbeidsmag in ŉ land (2)
**[ENIGE DRIE]**
(3 x 2) (6)

1.4 1.4.1 '... wat geen grense respekteer nie' (1)
Globalisering maak grense oop en laat vryheid van beweging toe (1)
**[ENIGE EEN]**
(1 x 1) (1)

1.4.2 '... het koste verlaag en het spesialisering wat verband hou met vermeende mededingende voordele vergemaklik' (1) (1 x 1) (1)

1.4.3 Boeing 787 Dreamliner (1) (1 x 1) (1)

1.4.4 MNK's sal nie in staat wees om produkte te vervaardig nie, aangesien hulle afhanklik is van spesialisering (vervaardiging) in verskillende lande (2)
Koste sal styg en winste daal (2)
Besighede regoor die wêreld sal tydelik sluit, dus geen winste nie (2)
Verhoogde koste aangegaan as gevolg van werknemervoordele / uitbetalings (2)
Werk in gasheerlande / hoofkwartiere sal ook verlore gaan (2)
WInste sal ook nie na die pandemie toeneem nie, aangesien baie mense nie meer die koopkrag het nie (2)
**[ENIGE TWEE]**
(2 x 2) (4)

1.4.5 Dit het die liberalisering van handel / vloei van internasionale kommoditeite aangemoedig (2)
Grense word meer oop en laat vry beweging van idees toe (2)
Globale bestuur soos die Wêreldhandelsorganisasie (WHO) het ontwikkelende lande in wêreldhandels- en ekonomiese stelsels geïntegreer (2)
Globalisering het die vorming van handelsblokke moontlik gemaak (2)
Multinasionale ondernemings werk wêreldwyd en skep werk en genereer winste (2)
Produksie is gestimuleer en lande het hul ekonomieë uitgebrei (2)
ŉ Globale arbeidsmag het die uitruil van vaardighede moontlik gemaak (2)
**[ENIGE VIER]**
(4 x 2) (8)

1.5 1.5.1 Landelik (1) (1 x 1) (1)

1.5.2 Veronica is in staat om ander dorpenaars in diens te neem en sodoende hul lewenstandaard te verhoog (2)
Haar verhoogde inkomste beteken ook dat sy die plaaslike ondernemings tot 'n groter mate kan ondersteun (2) (2 x 2) (4)

1.5.3 Het 'n beter huis (2)
Al haar kinders is by skole ingeskryf (2)
Sy spandeer minder tyd om water te gaan haal (2)
**[ENIGE TWEE]**
(2 x 2) (4)

1.5.4 Loopvlakpomp is maklik om te gebruik (2)
Bespaar tyd en arbeid dus kan groter oppervlaktes bewerk word (2)
Maklik om te vervoer (2)
Lig genoeg vir mans en vroue (2)
Plaaslik vervaardig (2)
**[ENIGE DRIE]**
(3 x 2) (6)
**[60]**

**VRAAG 2**

2.1 2.1.1 C (Koeberg) (1)

2.1.2 B (hernubaar) (1)

2.1.3 C (Eskom) (1)

2.1.4 C (koolstofvoetspoor) (1)

2.1.5 D (Kyoto-protokol) (1)

2.1.6 B (geotermies) (1)

2.1.7 C (Uraan) (1) (7 x 1) (7)

2.2 2.2.1 R (1)

2.2.2 geleidelik (1)

2.2.3 menslike (1)

2.2.4 moederrots (1)

2.2.5 bo-grond (1)

2.2.6 water (1)

2.2.7 Hernubaar (1)

2.2.8 regoliet (1) (8 x 1) (8)

2.3 2.3.1 Bome (1) (1 x 1) (1)

2.3.2 Om ruimte te maak vir geboue (aanvaar voorbeelde) (1)
Infrastruktuur (aanvaar voorbeelde) (1) (2 x 1) (2)

2.3.3 Verminder suurstof (1)
Vermeerder koolstofdioksied (1)
Verhoog afloop (1)
Verhoog infiltrasie (1)
Verwoes estetiese skoonheid (1)
**[ENIGE TWEE]**
(2 x 1) (2)

2.3.4 Dit verskaf meer ruimte vir ontwikkeling (geboue, infrastruktuur, ens.) in ʼn land (2)
Dit skep werksgeleenthede / vermenigvuldigereffek (2)
Daar sal verhoogde produksie en meer verkope wees (2)
Meer handel vind plaas en daar sal meer winste wees (2)
**[ENIGE TWEE]**
(2 x 2) (4)

2.3.5 Enige nuwe ontwikkeling vereis dat daar ʼn omgewingsimpak studie gedoen word (2)
Opvoeding in omgewingsbewustheid (2)
Buffersones (groengordels) om ongekontroleerde stedelike uitbreiding te beheer (2)
Strategieë om geboortesyfers te verlaag (2)
Om landelik-stedelike migrasie te verminder (aanvaar voorbeelde) (2)
**[ENIGE DRIE]**
(3 x 2) (6)

2.4 2.4.1 46% (1) (1 x 1) (1)

2.4.2 kern (1)
hidro (1)
gas (1)
**[ENIGE TWEE]**
(2 x 1) (2)

2.4.3 Dit is steeds geredelik in Suid-Afrika as ʼn natuurlike hulpbron beskikbaar (2)
Steenkoolmynbou verskaf werk (2)
Groot hoeveelhede geld is in steenkoolmyne / kragstasies belê (2)
Nie-konvensionele energiebronne hou ekstra koste in (2)
**[ENIGE TWEE]**
(2 x 1) (2)

2.4.4 Dit sal die verwoesting van die omgewing veroorsaak (2)
Storting naby steenkoolmyne kan grondagteruitgang veroorsaak (2)
Die proses om steenkool te ontgin en kragstasies, sal metaan en skadelike chemikalieë in die atmosfeer vrystel (2)
Suurreën sou die gevolg wees van die vrystelling van stikstofoksied in die atmosfeer (2)
Stofdeeltjies en steenkoolas word vanaf kragstasies vrygestel (2)
**[ENIGE TWEE]**
(2 x 2) (4)

2.4.5 Kernkragstasies is duur om te bou (2)
Berging van kernafval is duur (2)
Aardbewings en terrorisme kan radioaktiewe stortings veroorsaak (2)
Menslike veiligheid is ŉ kwessie; ongelukke kan plaasvind wat tot sterftes sal lei (2)
Uraan is ŉ nie-hernubare bron (2)
Steenkool is maklik beskikbaar wat kernenergie ŉ onnodige uitgawe maak (2)
**[ENIGE DRIE]**
(3 x 2) (6)

2.5.1 Dit is hernubare energiebronne / nuwe en alternatiewe energiebronne (1)
**[KONSEP]**
(1 x 1) (1)

2.5.2 Sonlig (1)
Vlieër (dui wind aan) (1) (2 x 1) (2)

2.5.3 Dit is ŉ alternatief vir beide steenkool sowel as kernkrag (1)
Dit sal diversifiseer en broodnodige energie tot die elektrisiteitsnetwerk toevoeg (1)
Dit is skoon en sal Suid-Afrika se koolstofvrystellings verminder (1)
Fotovoltaïese panele kan aan landelike gebiede wat nie op die elektrisiteitsnetwerk is nie, verskaf word (1)
**[ENIGE TWEE]**
(2 x 1) (2)

2.5.4 Draaiende rotorlemme kan voëls, vlermuise, insekte doodmaak (2)
Dit beïnvloed ekosisteme en kan die biodiversiteit van die gebied verminder (2)
Dit veroorsaak geraas wat die estetiese skoonheid van die omgewing kan bederf (2)
**[ENIGE EEN]**
(1 x 2) (2)

2.5.5 **NEGATIEF**

Die aanvanklike installasiekoste is duur aangesien onderdele ingevoer moet word (2)
In meeste gevalle moet bekwame mense van oorsee toesig hou oor die bedrywighede hou wat duur is (2)
ŉ Groot deel van die Suid-Afrikaanse arbeidsmark sal van hierdie werksgeleenthede uitgesluit word omdat hulle ongeskool is (2)
Wind- en sonenergie is onbetroubaar, want albei is daagliks van groot hoeveelhede sonskyn en wind afhanklik (2)
Slegs sekere gebiede in Suid-Afrika sal dan toegang tot nie-konvensionele energiebronne hê (2)
Verhoogde afhanklikheid van nie-konvensionele energiebronne sal die vraag na steenkool verminder en myne laat stilstaan (2)
Dit sal hoë werkloosheid in die myne veroorsaak en gepaardgaande skakelbedrywe wat steenkool, soos kragstasies, verwerk (2)

**POSITIEF**

Die aanvangskoste van die installasie is duur, maar die bedryfskoste daarna is goedkoper as om afhanklik van steenkool te wees (2)
Die bronne vir nie-konvensionele gebruik van energie is hernubaar en goedkoper (2)
Dit sal meer werksgeleenthede skep (2)
Dit sal die vaardigheidsbasis van die land se arbeidsmag verbreed (2)
ŉ Toename in die gebruik van nie-konvensionele energiebronne verminder die afhanklikheid van olie en daarom daal die prys (2)
Energie kan van afgeleë landelike gebiede verkry word wat die ekonomie van hierdie gebiede sal stimuleer (2)
Daar sal minder beurtkrag wees en sodoende ŉ hupstoot vir ondernemings gee (2)

**[KANDIDATE MOET NA BEIDE POSTIEWE EN NEGATIEWE IMPAK VERWYS]**
**[ENIGE VIER]**

(4 x 2) (8)

## AFDELING B: GEOGRAFIESE VAARDIGHEDE EN TEGNIEKE

### VRAAG 3

3.1 3.1.1 Een sentimeter op die kaart verteenwoordig 50 000 cm in werklikheid ✓
(1 x 1) (1)

3.1.2 4,9 ✓cm x 0,5 = 2,45 km **OF** 4,9 ✓cm ÷ 2 = 2,45 km
[Speling 4,8 – 5,0]
= 2 450 meter ✓ (2 x 1) (2)
[Speling 2 400 – 2 500]

3.2 3.2.1 Verskil in jare: *2020 – 2012 = 8 ✓ jare*

Gemiddelde jaarlikse verandering: *5′ ✓ W*

Totale verandering: *8 x 5′ W = 40′ ✓ W*

Magnetiese deklinasie vir 2020: *15°24′ W + ✓40′ W = 16 °04′ W ✓*
(5 x 1) (5)

3.2.2 2020 is groter ✓
16°04' W is groter as 15°24' W ✓
**[ENIGE EEN]**
(1 x 1) (1)

3.2.3 Die gemiddelde jaarlikse verandering van die magnetiese deklinasie is Wes ✓ (1 x 1) (1)

**KAARTINTERPRETASIE**

3.3 3.3.1 A (1)

3.3.2 C (1)

3.3.3 C (1) (3 x 1) (3)

3.4 Bergagtige landskap ✓✓
Beskermde gebied (Natuurreservaat) ✓✓
Karavaanpark / kampeerterreine / vakansieoorde (Lekkersukkel) ✓✓
Dam – vlotvaart / kanovaart / visvang / seil / seiljag / damwal ✓✓
Slangpark ✓✓
Brits-tonnel ✓✓
**[ENIGE TWEE]**
(2 x 2) (4)

3.5 3.5.1 Gronderosie (1) (1 x 1) (1)

3.5.2 Kontoerploeëry (2)
Strookbewerking (2)
Bebossing (2)
Nie ploeg op steil hellings nie (2)
Wisselbou (2)
Windskerms (2)
Braking van grond (2)
Vul dongas in (2)
Vermy oorbeweiding (2)
Kunsmis (2)
Plantegroei langs riviere (2)
Behou grondbedekking – droë seisoen (2)
**[ENIGE TWEE]**
(2 x 2) (4)

**GEOGRAFIESE INLIGTINGSTELSELS (GIS)**

3.6 3.6.1 Raster (1) (1 x 1) (1)

3.6.2 Toon grafika as rye en kolomme met klein reghoekige beeldelemente (‘pixels’) om ’n rooster te vorm (2) (1 x 2) (2)

3.6.3 Lyn (1) (1 x 1) (1)

3.7 3.7.1 Laag (1)

Rede
Hoe groter die grootte van die roostersel, hoe slegter is die resolusie en minder akkuraatheid (2)
Minder pixels is gebruik, dus is die ortofotokaart nie baie duidelik nie (2)
Die kenmerke op die ortofotokaart is nie baie duidelik nie/vaag (2)
Minder besonderhede oor die omgewing van geboue kan verkry word (2)
**[ENIGE EEN]**
(1 + 1 x 2) (3)

3.7.2 Weerstoestande (aanvaar voorbeelde) (1)
Fokus (1)
Aantal / grootte van pixels (1)
Skaduwees (1)
Toerusting (aanvaar voorbeelde) (1)
Lugbesoedeling (1)
Afstand (1)
Hoek waarteen die beeld vasgelê word (1)
Skaal (1)
**[ENIGE EEN]**
(1 x 1) (1)
**[30]**

**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou